

Hoofstuk van die dag: Rut 2

> *Sy het toe geloop om in die land te gaan are optel agter die graansnyers aan. Sy het uitgekom by dié deel van die land wat behoort het aan Boas, die familielid van Elimelek. (vers 3)*

Toe Rut by die voordeur uitstap, het daar nie ’n waentjie vol brood op haar gewag nie. God se guns werk meestal nié so opspraakwekkend nie. Meestal werk Hy agter die skerms waar ons

Hom nie sien en dikwels ook nie verwag nie. Maar dit beteken nie dat Hy afwesig is nie. Om die waarheid te sê, elke toneel van hierdie verhaal jubel dit uit dat God in beheer is en vir sy kinders sorg en voorsien, maar nêrens tree Hy op die voorgrond nie. Nêrens lees ons van manna uit die hemel of kwartels, of water uit die rots nie. Dit kan Hy natuurlik óók doen. Maar meestal doen Hy dit nié.
Hy voorsien op ’n ander manier. Hy sorg dat Rut “toevallig” by Boas se land uitkom. Hy sorg dat Boas “toevallig” juis op daardie dag gaan kyk hoe dit met die oes vorder.
God se genade vir Rut en Naomi se naam is Boas. Boas is die een wat die daaglikse brood waarvoor Rut en Naomi gebid het, voorsien.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026